

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID- AFRIKA

(APPELAFDELING)

In die saak tussen:

JOHANNES MOGALA

Eerste Appellant

JOHN MOSE

Tweede Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM: RUMPF, HR., JANSEN et MILLER, ARR.

VERHOOR: 14.11.1977. GELEWER: 21-2-78

U I T S P R A A K

RUMPF, HR. :

Die twee appellante is in die Transvaalse Provinsiale Afdeling skuldig bevind aan roof. Eerste appellant is tot vier jaar gevangenisstraf veroordeel en die tweede appellant tot twee jaar gevangenisstraf. Hulle appelleer teen hul skuldigbevinding en straf met verlof van die verhoorregter. Uit die getuienis blyk dit dat die klaagster, 'n blanke vrou

van/.....

van 71 jaar oud, op 28 Mei 1975 in die oggend die kantoor van die Bantoe-kommissaris besoek het met 'n Portugese Swartman, Frans Bonza, om sy verblyfpermit te laat hernu. Haar motor was in die straat teen die sypaadjie geparkeer. Hulle het uit die gebou gekom en terwyl klaagster die deur voor by die stuurwiel oopmaak het sy gemerk dat twee Swartmans wat agter teen die motor geleun het, na vore gekom en om werk gevra het. Sy het gesê dat sy nie iemand nodig het nie en 'n plastiek sak met dokumente in die motor geplaas. In plek daarvan om binne die motor oor te leun en die deur vir die passasier oop te maak, het sy voor om die motor gestap. Sy het dit gedoen omdat sy nie van die voorkoms van die twee mans gehou het nie. Haar handsak met inhoud het oor haar skouer en onder haar armholte gehang. Dit was 'n gewone handsak. Terwyl sy die passasiersdeur oopmaak, het een van die twee mans, die langste van die twee, na haar gespring, die handsak gegryp en haar saamgesleur totdat sy geval het. Dit skyn of sy in die proses aanvanklik nog op haar voete gebly het en daarna geval het en gesleep is.

Terwyl/.....

Terwyl sy geval het, het sy gerol en het die handsak los geraak. As gevolg van die gesleep en val van klaagster was nie slegs haar hele regter arm geskraap nie, waarvan sy nog littekens oorgehou het, maar het sy 'n bobeen gebreek. Na 'n operasie moes sy etlike weke in 'n kliniek lê. Volgens klaagster was die eerste appellant die persoon wat die tas gegryp en haar gesleep het. Die tweede appellant het die handsak daarna opgetel en daarmee weggehardloop. Die bediende, Frans, het die eerste appellant gegryp en na 'n worsteling aan 'n polisieman oorhandig. Frans Bonza het die getuienis van klaagster bevestig. Sy indruk was dat die eerste appellant die handsak in sy hand gehad het en dat toe hy met eerste appellant stoei, tweede appellant die handsak van eerste appellant geneem het.

Namens appellante is aangevoer dat die skuldigbevinding aan roof verkeerd was. Daar is aangevoer dat klaagster se handsak nie met geweld ontnem is nie, dat die geweld „toevallige geweld“ was en nie op die slagoffer gemik was nie, en dat klaagster se val „toevallig“ was. In hierdie

verband/.....

verband is ons verwys na R. v. Matshaba, 1961 (3) S.A. 78 (T),
S. v. Mokete, 1963 (1) S.A. 223 (O) en S. v. Hlatswayo, 1964 (2)
S.A. 123 (T). In eersgenoemde saak is bevind dat 'n dief wat 'n
toegedraaide sakdoek met 'n 10s noot daarin uit die hand van 'n
klaagster gegryp het nie roof gepleeg het nie. Die hof het hom
beroep o.a. op De Wet en Swanepoel, Die S.A. Strafreg, 2de uitg.
bl. 393, waar met verwysing na grypdiewe staan: „Ons Howe neem,
na ons mening tereg, die houding in dat dit nie roof is nie maar
gewone diefstal indien 'n sak skielik uit die besit van iemand
gegryp word, en, voordat hy weerstand kan bied, daarmee wegge-
hardloop het". In die Moketessaak is 'n polsoorlosie afgeruk
sodat die band gebreek het. Die Vrystaatse hof beroep hom op
sekere beslissings en wel soos volg:

„Hierdie getuienis bewys die misdaad van diefstal
maar nie die van roof nie. In Ex parte Minister of
Justice: In re R. v. Gesa, R. v. de Jongh, 1959 (1)
S.A. 234 (A.A.) op bl. 238, het Appèlregter
SCHREINER, gesê:

„In relation to the factor of violence some quali-
fication and distinction is unavoidable. One
distinction, for instance, appears to be generally
accepted. If violence is only used as a direct
step towards gaining possession of the thing

desired/.....

desired, in order to separate it from the victim's person, this is not robbery For robbery the violence must aim at reducing the victim to impotence or submission.'

In Thabata v. Rex, 1946 (2) P.H. H. 160, het die beskuldigde 'n handsak van uit die klaer se hande geruk en daarmee weggehardloop. Die hof het bevind dat:

,the violence committed, assuming it could be called violence, was not intended to affect the victim's volition, it was merely an accident/al happening after the contrectatio'."

Die aanhaling uit die Gesasaak hierbo word in 'n voetnota op bl. 360 van die jongste (die derde) uitgawe van De Wet en Swanepoel weergegee en daar word dan gesê: „Hierdie stelling kan nie aanvaar word nie. Die slagoffer hoef nie in 'n staat van onmag geplaas word nie". In die derde uitgawe van genoemde^{boek} word ook die volgende op bl. 360 gesê omtrent die grypdief:

„Word iemand fisies oormeester en die saak van hom afgeneem, is dit roof, maar word die saak van hom afgeneem sonder dat hy fisies oormeester word, of met geweld bedreig word, is dit nie roof nie. Om hierdie rede word die grypdief nie as 'n rower beskou nie, maar as die slagoffer weerstand bied en die saak hom dan met mag ontnem word, is dit wel roof."

En/

En dan word verwys na o.a. die Matshabasaak, die Moketesaak en die Hlatswayosaak. In die Hlatswayosaak het sekere Swartmans die klagster genader. Een het haar handsak gevat en die ander 'n aktetas wat sy gehad het. Sy het die handtas en aktetas vasgehou en geskreeu. In haar getuienis voor die landdros verskyn daar die volgende: „Did you manage to obstruct them? Yes for a few seconds“. Met verwysing na die Matshabasaak het die hof bevind dat omdat die klagster weerstand gebied het en probeer vashou het en sy deur die beskuldigdes „oorweldig“ is, dit nie slegs 'n geval van diefstal is nie.

Iets heel anders is natuurlik wanneer 'n persoon iemand aanrand en wanneer as gevolg van die aanranding toevallig iets van die slagoffer op die grond val, wat die aanrander dan optel en daarmee weghardloop. Dan is daar duidelik aanranding en diefstal maar nie roof nie, vgl. S. v. Mabusa, 1962 (4) S.A. 107 (T) en S. v. Marais, 1969 (4) S.A. 532 (NK.A.).

Ek vind dit moeilik om te verstaan waarom 'n persoon wat met geweld 'n handsak uit 'n vrou se hand ruk, nie geweld pleeg nie (al hoef dit gering te wees) met die doel om die handsak

te/.....

te ontnem. Dit skyn my haarklowery te wees om te sê dat die geweld „toevallig” is, of dat die geweld die slagoffer nie in n toestand van onmag plaas nie. Die gryper weet goed dat hy allee deur n onverwagte vinnige en harde ruk die handsak kan kry. Hy weet dat sy slagoffer weerstand sou bied indien hy dit ge= woonweg sou probeer vat. Daarom moet hy die slagoffer se greep en verdere weerstand by voorbaat uitskakel deur n vinnige handeling wat uit geweld bestaan. Die verskil tussen die sakke= roller en die grypdief lê juis daarin dat eersgenoemde met be= hendigheid my beurs of portefeulje verkry, terwyl die grypdief alleen met geweld kan slaag. Hoewel by die gryp van n handsak gewoonlik die ontneming van die handsak saam met die pleeg van die geweld gaan, is die geweld n sine qua non vir die gevolg.

Dit is onnodig om verder die bogenoemde sake te oorweeg, omdat die feite in die onderhawige geval wel deeglik aantoon dat geweld gebruik is om die handsak van klaagster te kry. Sy het haar handsak onder haar arm gehad met die handvatse oor haar skouer. Dit is ironies dat sy in kruisondervraging, en op n vraag waarom sy nie van die voorkoms van die twee mans gehou het nie, gesê het:

"..... I am always very wary and feary about my handbag and this is the third time it has been snatched". Die eerste appellant het nie probeer om die handsak van haar skouer te lig nie maar hy het die sak gegryp, haar voortgesleep met die hoop dat die sak op een of ander manier sou los raak. Natuurlik het hy voorsien onmiddellik voor hy toegegryp het en gedurende die proses van meesleuring van klaagster dat die bejaarde vrou beseer^{kon} word en dit volg dat hy skuldig is aan roof. Dit is onnodig om te beslis of die handsak deur tweede appellant opgetel is of uit die hand van eerste appellant geneem is. Dit is duidelik dat die twee gesamentlik opgetree het.

Daar is namens tweede appellant aangevoer dat daar onvoldoende getuienis was om te bevind dat hy die persoon was wat op die toneel van die roof was en met die handsak weggehardloop het. Klaagster het sowel eerste appellant as tweede appellant in die hof uitgewys. Wat tweede appellant betref, het sy verklaar dat hy korter was as eerste appellant, dat hy 'n ligter vel gehad het en dat sy neusgate opsigtelik was.

Frans/.....

Frans Bonza het ook in die hof getuig dat tweede appellant die persoon was wat met die handsak weggehardloop het. Dit blyk egter duidelik uit die kruisondervraging van klaagster en Bonza dat mens nie op hul getuienis omtrent identifikasie van tweede appellant kan peil trek nie. Speurder-konstabel Letswalo het getuig dat eerste appellant sekere verklarings aan hom gedoen het as gevolg waarvan hy met 'n vrou, die vrymeisie van tweede appellant, na die woonplek van tweede appellant gegaan het. Die volgende dag het tweede appellant sekere verklarings gedoen en is tweede appellant na 'n sekere plek geneem waar niks gevind is nie.

Die vraag is of die Staat sonder redelike twyfel bewys het dat tweede appellant wel die man was wat met die handsak weggehardloop het. Hoewel eerste appellant in die verhoorhof ontken het dat hy die persoon was wat die handsak gegryp het, het hy erken dat hy op die betrokke dag en tyd langs die straat geloop het en deur Bonza gegryp is. Daar is geen twyfel oor sy identifikasie nie. Hy het egter in sy getuienis erken dat hy tweede appellant ken en dat hy op die

dag/.....

dag tweede appellant langs die heining van die Bantoe-kommissaris se kantoor ontmoet het. Tweede appellant het hom om tabak gevra en hy het aan tweede appellant tabak gegee. In sy hoofgetuienis het hy verklaar dat hy niks van 'n handsak weet nie en dat hy wel tabak gegee het aan 'n man met die naam Teacher, en dat hy dikwels saam met die man ry. Hy het ook aan die Polisie gaan wys waar Teacher se vrymeisie werk. In kruisondervraging deur tweede appellant se advokaat het eerste appellant erken dat hy na die ontmoeting nie ver geloop het nie toe hy deur Bonza gevang is. In kruisondervraging deur die verteenwoordiger van die Staat het hy bevestig dat die bynaam van tweede appellant Teacher is. Tweede appellant het in sy getuienis verklaar dat hy die dag siek en nooit op die toneel van die roof was nie. Die Polisie het met sy vrymeisie daar aangekom en gesê dat hy 'n handsak aan hulle moet uitwys. In kruisondervraging het tweede appellant verklaar dat die Polisie met hom rondgery het maar hy ^{het} ontken dat hy iets aangewys het. Hy het ook ontken dat sy bynaam Teacher is. Hy heet John. Hy het ook ontken dat die Polisie hom gevra

het/....

het of hy Teacher is. Hulle het gevra na John. In sy uitspraak het die verhoorregter die volgende gesê:

„Ek het nie uit gedagte verloor dat 'n deel van die getuienis teen beskuldigde 2 afkomstig is van beskuldigde 1, 'n medepligtige, en dat 'n mens dan versigtig moet wees. Maar daar is die ont-eenseglike bewys dat die misdaad gepleeg is, daar is die vaste uitkenning van beskuldigde 2 deur mej. Boden en daar is die getuienis van konstabel Letswalo, wat ek aanvaar, dat die beskuldigde nommer 2 vir hom gaan wys het waar hy hierdie handsak weggegooi het.”

Ek het reeds aangedui dat die klaagster se getuienis omtrent identifikasie nie betroubaar is nie en daar kan dus nie gepraat word nie van 'n „vaste” uitkenning van tweede appellant. Sy het trouens gedurende kruisondervraging gesê dat sy nie seker is dat tweede appellant die persoon is wat met die handsak weggehardloop het nie. Die verhoorregter steun ook op die feit dat tweede appellant aan Speurder Letswalo „gaan wys het waar hy hierdie handsak weggegooi het”. Gedurende die hoofgetuienis van tweede appellant het sy advokaat beswaar gemaak teen wat tweede appellant aan Letswalo sou gesê het en die oorkonde lui soos volg:

Hof/.....

„HOF: Goed, moet dan nie vir ons sê wat hy vir jou gesê het nie, wat het hy gedoen? --- Die beskuldigde nr. 2 het my toe na 'n sekere plek geneem. Ek het daar rondgesoek, en ek het niks gekry nie. Ek het toe die beskuldigde nr. 2 by die polisiestasie gaan toesluit.”

Gedurende sy kruisondervraging het tweede appellant se advokaat egter die volgende getuienis verkry:

„Nou die beskuldigde sal sê julle het daardie betrokke dag met hom wel rondgery en na sekere plekke toe gegaan waar daar gesoek is, maar hy het nie plekke uitgewys nie. --- Dit is nie so nie.

Die plek wat hy uitgewys het sê jy is daar tussen 'n klomp bome, hy het sommer so na die bome gewys? --- Nee, hy het ons na 'n sekere plek op Marabastat geneem, naby 'n sekere huis.

Ja, en wat het hy daar uitgewys? --- Hy het 'n plek by 'n huis uitgewys en daar is 'n laning aan die kant van die huis en daar staan 'n ou kar. Hy het gesê dat hy het die handsak onder die ou kar neergegooi.”

Hoewel hierdie getuienis deur die vrae van appellant se advokaat uitgelok is en hoewel in hierdie hof aanvanklik nie betoog is dat die verhoorregter op ontoelaatbare getuienis staat gemaak het nie, is ek van mening dat die erkenning deur tweede appellant dat hy die handsak onder die motor gegooi het, in die samehang van die gebeure en by noodwendige

implikasie/...

implikasie, as n ontoelaatbare erkenning beskou moet word. In die besondere omstandighede van hierdie saak (veral weens die houding van tweede appellant se advokaat gedurende die hoofgetuienis) sal ek aanvaar dat hierdie getuienis ontoelaatbaar was, selfs al is dit gedurende kruisondervraging gelewer. Indien die verwysing na die handsak as ontoelaatbaar beskou word, bly net die verwysing oor na n besondere perseel, wat, in die omstandighede, geen bewyswaarde het nie.

Afgesien van hierdie beweerde verklaring deur tweede appellant is daar, na my mening, egter voldoende getuienis om hom by die roof te betrek. Eerste appellant is sonder twyfel die persoon wat die handsak gegryp het. Dit is ook bewys dat twee persone betrokke was by die roof. Eerste appellant en tweede appellant ken mekaar. Eerste appellant plaas tweede appellant by die toneel van die roof op die betrokke dag en tyd. Hy erken dat hulle bymekaar was kort voordat hy deur Bonza gevang is. Hoewel hy ontken dat hy die handsak gegryp het, verwys hy die Polisie na die vrymeisie van tweede appellant

/wat

wat hulle na die adres van tweede appellant neem. In kruis-
ondervraging het eerste appellant o.a. die volgende antwoorde
gegee:

„Die rede waarom ek beskuldigde nommer 2 gaan
uitwys het, is dat ek tabak aan hom gegee het
en ek weet nie wat daarna gebeur het nie.

Hoekom sal jy hom nou gaan uitwys omdat hy tabak
aan jou gegee het? --- Nee, ek het dit aan hom
gegee.

Nou maar hoekom sal jy hom nou gaan uitwys, omdat
jy tabak aan hom gegee het, wat het dit nou met die
saak te doen? --- Ek was verbaas toe hulle beweer
het ek het dit gevat.

Nou sê jy vir hulle jy gaan wys beskuldigde 2
uit omdat jy aan hom tabak gegee het, wat het dit
nou met die saak te doen? --- Ek het geskrik,
dit was die eerste keer dat ek gearresteer was."

Van die getuienis van eerste appellant moet
afgelei word dat hy beskou het dat die tweede persoon wat by
enige voorval met hom betrokke was, die tweede appellant was
en niemand anders nie. Dit is duidelik uit die getuienis as
geheel dat die voorval waarby eerste appellant en 'n ander
persoon betrokke was, die roof was. Tweede appellant se getui-
enis dat hy glad nie op die toneel was nie, bots direk met die
getuienis van eerste appellant. Die verhoorregter het dit

opmerklik/....

opmerklik gevind dat dit nooit aan die eerste appellant gestel is nie dat tweede appellant sou beweer dat hy die dag siek was en nooit op die toneel was nie. Tereg het die verhoorregter myns insiens bevind dat die getuienis van tweede appellant dat hy nie op die toneel was nie, onwaar is. Hierdie feit, tesame met die ander getuienis, regverdig 'n bevinding dat tweede appellant die ander persoon is wat by die roof betrokke was.

Namens eerste appellant is aangevoer dat die vonnis van 4 jaar gevangenisstraf wat opgelê is, onredelik is. Appellant was reeds agt maande voor sy verhoor in aanhouding en daar is ook aangevoer dat hy geen direkte aanval op klaagster gedoen het nie. Hy is getroud en het vier kinders. Ten opsigte van 'n eenvoudige gryp van 'n handsak, sou 'n vonnis van vier jaar gevangenisstraf in die omstandighede buitensporig wees. In die onderhawige geval het die verhoorregter die roekelose aanval op 'n bejaarde persoon en die beserings wat opgedoen is, in aanmerking geneem, wat hy geregtig was om te doen. Hoewel die vonnis 'n swaar vonnis is, is ek nie oortuig dat dit so swaar

is/....

is dat dit as onredelik beskou kan word nie. Dit is wel bekend dat grypdiewery veel voorkom, uit die aard van die saak meesal teen weerlose vroue. Wanneer dit ontaard in roof met ernstige besering van 'n bejaarde, skyn dit my nodig te wees om die afskrikingswaarde van die straf te beklemtoon, hoewel die ander faktore natuurlik nie uit die oog verloor moet word nie.

Die appèl van eerste appellant en van tweede appellant word afgewys.


HOOFREGTER.

JANSEN, AR. }
MILLER, AR. } Stem saam.